**Skriflesing Romeine 11 vers 33 tot 36**
**Tema Soli Deo Gloria (aan God alleen die eer)**

In die voorafgaande verse van Romeine 11 vergelyk Paulus God se volk met 'n olyfboom. Die boom het verskillende take. Mettertyd het van die Jode, as Ou Testamentiese volk van God, afvallig geword. Hierdie takke is uitgekap. Van hierdie Jode het die Christene vervolg. Die Christene het gevlug en so het die evangelie van verlossing deur Jesus Christus vinnig versprei. Heidene het tot bekering gekom. Hulle is as wilde olyf op die mak olyfboom van God se volk geënt. As 'n afgesaagde tak berou toon en opnuut oorgee aan Here, word dit ook weer aan die boom geënt. So gebruik God afvalligheid en ontrou om Sy volk te laat groei.
God is te groot vir ons om te verstaan. Selfs God se plan van verlossing is bo ons vuurmaakplek. Daarom besing ons die grootheid van God. **Ons bring aan God alleen die eer!**

In die vier verse van **Rom 11:33-36** lees ons elf verwysings na God. Die skrywer staan in verwondering, besef sy eie verganklikheid en beperktheid en verheerlik en aanbid vir God. Die gedeelte begin en eindig met 'n uitroep. Ons lees in Rom 11:33 dat die Here se rykdom, wysheid en kennis onmeetlik is. Eugene Peterson vertaal in "The Message" Rom 11:33 soos volg: "Its way over our heads. We'll never figure it out."
Ons begrip is klein en ons insig beperk. God het volkome insig in alles. Die woord "onnaspeurlik" wat Paulus in Rom 11:33 gebruik is 'n woord wat vir spoorsny gebruik word. Hierdeur wil hy sê dat God voetspore nalaat wat ons nie altyd kan volg nie. Ons kan nie Sy denkproses of die aksies wat Hy uitoefen, verstaan nie.

Rom 11:34-35 bevat drie retoriese vrae:
"Wie ken die bedoeling van die Here?" (Rom11:34). En die antwoord is die voor-die-hand-liggende een: Niemand nie! In Jes 55:9 lees ons die woorde van die Here: "soos die hemel hoër is as die aarde, so is My optrede verhewe bo julle optrede en My gedagtes bo julle gedagtes."

Die tweede retoriese vraag is: "Wie gee vir die Here raad?" Die antwoord is eenvoudig: niemand nie! Ek en jy het raadgewers nodig, God nie. Tog dink ons soms dat ons beter weet as die Here of ons wens dat Hy ons advies sou volg in 'n bepaalde situasie.

Die derde retoriese vraag is: "Wie bewys Hom 'n guns dat Hy verplig is om iets terug te doen?" En weer is die antwoord duidelik: Niemand nie! Maar ook hier verkeer ons soms onder die wanindruk dat die Here ons dinge skuld. God het nog nooit onder enige verpligting teenoor enige persoon gestaan nie. Ons kan ook nie vir God iets gee wat Hy nie reeds gemaak het nie. Niemand verdien iets by God nie. Tog red Hy ons uit genade.

Wanneer ons in verwondering voor God staan, kry ons beter perspektief op onsself. Ons besef ons eie verganklikheid en nietigheid. Ons weet nie beter as God nie. Ons vra die vrae, Hy is die antwoord. Daarom moet ons nie vir Hom probeer voorskryf of sy alwyse wil bevraagteken nie. Hoe gouer ons aanvaar dat Hy volkome wysheid en kennis het, hoe vinniger kan ons vrede vind in Sy wil. Romeine 11 vers 18 beeld ons verhouding met Hom aangrypend uit: "… Moet jou ook nie verbeel jy is iets nie: dit is nie jy wat die wortel dra nie, die wortel dra jou."

Ons lees van 'n derde beweging wat volg na Paulus se verwondering en die besef van sy verganklikheid voor God. Dit is verheerliking.

Nadat Paulus sy vrae gevra het, loof hy die Here in Rom 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!" Die woord Amen aan die einde is 'n goedkeuring, 'n onderstreping en 'n bevestiging dat dit so is.

Abraham Kuyper skryf: "There is not a square inch in the whole domain of our human existence over which Christ, who is Sovereign over all, does not cry, Mine!"

God het aan elke persoon sy of haar vermoëns gegee. Hy het jou verjaarsdag gekies en sal ook jou sterfdag bepaal. Hy hou die heelal in stand. Hy is God. Ons is nie. Hy bestaan nie om ons te versorg nie. Die teendeel is waar: ons bestaan om Hom te eer. Dit gaan nie oor ons nie, maar dit gaan altyd eerste oor Hom.

Ons lewensdoel is nie ons eie gemak, weelde of aanvaarding deur mense nie. Alles gaan oor Hom en Sy eer. Hy is die Hoofkarakter en ons is in die ondersteunende rolle. Ons primêre lewensdoel is Soli Deo Gloria, om God te laat glimlag.

**Leef jy Soli Deo Gloria (aan God die eer) of Soli Meo Gloria (aan my die eer)?**

**In jou verhouding met Here gaan dit oor die Here of oor jouself?**
Is jy Sy verteenwoordiger of 'n verbruiker van Sy genade en seën?

**As lidmaat, gaan dit oor die Here of oor jouself?**
Wat was die leuen in Luther se tyd wat hy reggestel het? Die die kerk as instituut is verheerlik en jy moes net die pous en die sisteem eerbiedig.  Afgestorwe heiliges is vereer. As God sou bedank uit die kerk, sou niemand omgegee het nie. Hulle het geglo om God te verheerlik is om 'n kersie op te steek. Dit was 'n minimum takie wat verrig moes word sonder dat jou hart betrokke raak. So kan ons vandag steeds weer verkeerd dink oor ons kerk en kerkgebou. Dit kan vir ons maklik meer oor die bevrediging van ons eie bedieningsbehoeftes as oor God gaan gaan.

**Aanbid ons die Here met ons hele lewe?**
Kan ons, soos Paulus in 1 Kor 10:31, ander oproep: "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God."?

**Werk ons tot eer van God?**
Leef ons Kol 3:23: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,.."?

**Gebruik ons die besittings  wat Hy aan ons leen tot Sy eer?**
Op ons R1-00 muntstuk staan: "Soli Deo Gloria". Is dit waar van die manier waarop jy jou geld en besittings gebruik?

**Sluit af**
Daar is een reël wat geld vir jou totale lewe. Of jy nou werk, ontspan of speel, doen dit tot eer van God. Of jy kosmaak ,  TV kyk, huiswerk doen of kinders rondry, doen dit so dat God glimlag oor jou lewe.
**Amen**